# BOSVELD WAPEN-EN AMMUNISIEVERENIGING

Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as 'n
Versamelaarsvereniging -
Reg No: 1300054
Jagtersvereniging – Reg No. 1300105
Geaffilieer by NAACCSA
Geaffilieer by CHASA

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT 0560

TEL: (014) 743 2174
FAKS: (014) 743 1990

E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

## NUUSBRIEF 1/2013



**VOORSITTER**

Theron Wessels

Sel: 082 464 2596



**ONDER-VOORSITTER**

Martiens van Staden
Sel: 082 856 7149
Tel: 014 743 3322



**UITVOERENDE BEAMPTE**

Daleen Rautenbach
Sel: 082 458 5066
Tel: 014 743 2174



**TOEGEWYDE JAGTERS & BAANOFFISIERE**

Fred Earle
Sel: 082 771 4584
Tel: 014 743 2174



**VERSAMELAARS**

Charles Bresler

Sel: 083 269 4790



**ADDISIONELE LID**

Jan Bondesio

Sel: 082 5563 459
Tel: 014 – 743 2493



**ADDISIONELE LID**

Johann Pretorius

(Moepel)

Sel: 078 1746 957



**ADDISIONELE LID**

Frikkie van Staden

Sel: 083 4910 292



**ADDISIONELE LID**

HP Erasmus

Sel: 082 570 3519



**ADMINISTRATIEWE BEAMPTE**

Bella van Deventer
Tel: 014 743 2174
Faks: 014 743 1990
E-pos:
bosveldwapenenammunisie@gmail.com

## JAG GELEENTHEID TE BUNDé GAME LODGE 2013

Op 'n lede-vergadering van die lede van Bundé Game Lodge BK is besluit dat die BWAV versoek word om die wild volgens die diskresie van die BWAV te bemark op só 'n wyse dat die BK en die BWAV finansiële voordeel daaruit kan put. Bundé is geleë ± 16 km Noord-Wes van Naboomspruit en is 'n vrygestelde plaas. Bunde beskik oor die volgende:

- 5 Goed toegeruste chalets – verdere akkommodasie word beplan, en 'n lekker kuier lapa en swembad is beskikbaar.
- Die wild word bemark sonder akkommodasie en moet die jagter self reël vir akkommodasie op Bundé – skakel Colleen: 079 7777 572 of e-pos: info@bunde.co.za
  Skakel die BWAV kantoor indien u alternatiewe akkommodasie soek.
- Alle reëls soos neergelê deur die lede van Bundé en die BWAV moet te alle tye stiptelik nagekom word.
- Die jag-periode sal wees vanaf **1/5/2013 – 31/7/2013**, of sodanige ander tyd as wat met die BWAV en Bundé gereël is. Die BWAV en Bundé is egter nie verbind of verplig om jag buite bovermelde tydperk toe te laat nie. Jag sal ook nie gedurende lang naweke of spits "toeriste" periodes geskied nie.
- **Die spesies te jag is soos volg;**
  Rooibokke ± 60
  Blouwildebeeste ± 10
  Koedoes ± 10
- **Pryse is soos volg:**
  Rooibok ooie – R650-00
  Rooibok ramme – R800-00
  Blouwildebees koeie – R2500-00
  Blouwildebees bulle (nie trofee nie) – R3000-00
  Koedoe koei – R2500-00
  Koedoe bul (nie trofee nie) – R4000-00
  Vlakvark – R500-00
  BTW op bogenoemde is ingesluit.

**Reëls van jag.**

1. Enige lid moet skriftelik aansoek doen op die voorgeskrewe vorm, **beskikbaar by kantoor**.
2. Jag kan te voet of per voertuig geskied.
3. Geen inskiet of teleskoop instellings sal op die plaas plaasvind nie, maar kan gedoen word op Masada skietbaan, ± 12km vanaf Bundé.
4. Die BWAV of sy gevolmagtigde kan 'n skiet-toets versoek.
5. 'n .243 is die minimum kaliber om Rooibokke te jag. Die minimum kaliber vir die ander wild is .270. Die BWAV het die reg om 'n uitsondering op die reël te maak.
6. Die toon van 'n geldige vuurwapen lisensie is 'n vereiste, asook 'n BWAV lidmaatskap kaart.
7. Geen alkoholiese drank op die jag-voertuig nie en geen alkoholiese drank word gebruik gedurende die jag nie.
8. Die gids of verantwoordelike persoon se beslissing op die jag-voertuig en in die veld is finaal en nie argumenteerbaar nie.
9. Jagters moet self die karkas oopsny of laat oopsny en binnegoed verwyder. Ons wil hê dat die jagters die volle omvang en elke faset van die jag beleef. Dit is vir rekord-doeleindes verpligtend om die bok te laat weeg en die horing-lengte te meet en aan te teken (Dit sal gedoen word deur die aangewese persoon).
10. 'n Allesomvattende dag fooi van R100-00 is betaalbaar per jagter (dit is om uitgawes te dek). Die bedrag van R50-00 moet elke aansoek vergesel.
11. U moet die datum van u jag d.m.v. die aansoekvorm bespreek. Indien daar botsings is sal die BWAV met u in verbinding tree. Aansoeke sal op die bekende wyse van "first come, first serve" hanteer word.
12. Enige dag van die week, uitgesonder Sondae, is beskikbaar vir jag. Al het u vir 'n naweek bespreek by Bundé, kry u net een jag dag.
13. Indien u nie al die wild waarvoor u bespreek het gejag het nie kan u met die BWAV reël vir 'n ander datum. Geen gelde is terugbetaalbaar nie.
14. Jag-tyd is vanaf 7vm tot 5nm.
15. Daar word van jagters verwag om:
16. Die BWAV se naam in ere te hou.
17. Etiese jag toe te pas onder andere die beginsel van "een skoot – dood skoot". Om 'n gekweste dier so gou as moontlik vakant te maak. Die gids of aangewese

persoon sal u behulpsaam wees om 'n gekweste dier op te spoor en vakant te maak. Daar sal na die gekweste dier gesoek word totdat die aangewese persoon of gids die soektog afgelas.

18. Die jagter betaal die volle prys van die bok plus 'n R200-00 soek-fooi indien die gekweste bok nie dieselfde dag opgespoor word nie.
19. 'n Misskoot sal die jagter R100-00 kos, en 'n 2de R200-00, en 'n 3de R300-00, en die jagter sal nie toegelaat word om verder te jag nie en verbeur dus alle gelde reeds betaal.
20. Vuur mag slegs op die aangewese plek gemaak word. Dit sal 'n jagter en sy geselskap vrystaan om te braai of om ontbyt te maak – sorg vir u eie stoele, kook en/of braaigereedskap en natuurlik dit wat u wil eet en drink. Nie-jagters betaal geen fooi nie.
21. Koffie water sal beskikbaar wees.
22. Lede van die BWAV sal as gidse optree, of gidse reël.
23. Indien die geleentheid hom voordoen kan daar om die kampvuur gekuier word.
24. Voorkom rommel strooi.
25. Slegs 2 jagters gelyktydig in die veld.
26. Op een aansoekvorm kan vir 2 persone aansoek gedoen word. Lede kry egter voorkeur. Aansoeke van nie-lede sal wel oorweeg word. Die aansoek fooi beloop vir nie-lede R100-00 per aansoek.
27. Koelgeriewe is beskikbaar.

Vir meer inligting spoor dit op in die "Reuk van Kruit" – (te koop by die kantoor) en of skakel die kantoor en vra vir Daleen. Ondersteun u Vereniging en by voorbaat dankie vir u vriendelike samewerking. Die BWAV glo dat sy lede nog ware, eerlike en etiese jagters is.

**Laat slegs jou voetspore en herinneringe na.**

## GESKIEDENIS BROKKIE

### Mauser Werke

Gestig in 1869 deur Peter en Wilhelm Mauser. Die maatskappy eindig onder die doeltreffende beheer van Ludwig Loewe and Company van Berlyn, in 1887. In 1896 is die bogenoemde maatskappy onder die naam Deutsches Waffen-und Munition of soos dit beter bekend is, DWM geherorganiseer.

### Fabrique nationale

Fabrique Nationale (of FN) is in 1889 gestig deur 'n groep Belgiese beleggers vir die vervaardiging van Mauser gewere vir die Belgiese leër. Dit moes gedoen word onder lisensie van Mauser, met die tegniese ondersteuning van Ludwig Loewe van Berlyn. 'N Paar jaar later, in die laat 1890's, het John Browning in Europa aangekom op soek na 'n vervaardiger vir sy semi-outomatiese haelgeweer. Hy verbreek sy bande met Winchester ná 'n meningsverskil. Dit het gelei tot 'n lang verbintenis wat baie goed uitgewerk het vir beide partye. Later verbind Browning hom met Colt, en die wêreld mark is in twee geskeur, met die Oos-Halfrond wat van FN gebruik maak en die Westelike Halfrond wat van Colt gebruik maak.

---

**MANDJIEDANS 2013**

Gedurende die AJV is daar besluit dat ons in 2013 'n mandjiedans gaan hou. Die voorgestelde datum vir mandjiedans is 4 Oktober 2013.

Om 'n suksesvolle mandjiedans aan te bied het ons die hulp van die lede nodig. Ons benodig die volgende jagpakkette wat eers in 2014 gejag word:

1. Koedoe (manlik of vroulik) en 3 Rooibokke
2. Blouwildebees en 2 Rooibokke
3. 3 Rooibokke / 3 Blesbokke soos beskikbaar.

Skenkings is altyd welkom. Indien u die BWAV met een van bogenoemde kan help, kontak asb. vir Daleen.

---

## JAARPROGRAM 2013

16 Maart 2013 **Bosveldskiet**, Kompetisieskiet met jaggewere.

20 April 2013 **Sportskiet**: jaggewere
**Versamelaars aktiwiteit**: Versamelaars bring handwapens.

---

# BOSVELD WAPEN-EN AMMUNISIEVERENIGING

Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as `n
Versamelaarsvereniging -
Reg No: 1300054
Jagtersvereniging – Reg No. 1300105
Geaffilieer by NAACCSA
Geaffilieer by CHASA

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT 0560

TEL: (014) 743 2174
FAKS: (014) 743 1990

E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 8 FEBRUARIE 2013 TE PANORAMA GASTEHUIS OM 18h30.**

**1. OPENING**

Mnr. Martin Smit open met skriflesing en gebed.

**2. VERWELKOMING**

Die Voorsitter heet almal teenwoordig welkom. 'n Spesiale woord van welkom aan ons President, Mnr. Lou Joubert.

**3. PRESENSIE**

Alle lede teenwoordig teken die presensielys soos aangeheg.

**4. VERSKONINGS**

Sien aangehegte lys.

**5. MOSIES**

**Lede oorlede gedurende 2012.**

Frits Snyman B047 (Pretoria Noord), CE Baber B376 (Vaalwater), Basie Groenewald B252 (Naboomspruit)

Dr. Elardus (Lappies) Labuschagne herstel na 'n ongeluk en nood-operasie. Mnr. William Young herstel tuis na 'n aanval by sy plaas hek. Mnr. Joe Geyer is tuis na 'n baie lang siekbed. Ons wens hulle alle voorspoed en herstel toe.

**6. KONSTITUERING**

Die lede teenwoordig en lede met proxie stemme vorm 'n kworum.

**7. VASSTEL VAN SAKELYS**

Die sakelys soos gesirkuleer word vasgestel.

**8. NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**

Die Notule van die vorige vergadering het gesirkuleer en word goedgekeur sonder enige wysigings.

**9. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE**

**9.1 FINANSIËLE VERSLAE**

**9.1.1 Goedkeuring van begroting en finansiële verslae.**

Mnr. Nic Pretorius, die Tesourier, hou die finansiële state voor. Dit word goedgekeur. Die voorgestelde begroting word ook so aanvaar.

**9.1.2 Vasstelling van ledegeld**

Mnr. Pretorius stel voor dat ledegeld aangepas moet word vir die jaar 2013. Hy stel voor dat 'n heffing van R25.00 voldoende is. Ledegeld vir die hooflid is dan R325.00, familielid is R175.00, pensioenaris is R275.00. Baan fooie bly onveranderd. Die voorstel word aanvaar.

**9.1.3 Aanstel van Rekenmeesters**

Mnr. Pretorius stel voor dat die portefeuljes van Sekretaris en Tesourier gekombineer word. Hy sal aanbly as die rekeningkundige beampte. Hy sal nog steeds die finansiële verslae vir die BWAV gratis opstel. Die voorstel word eenparig aanvaar.

**9.2 VERSLAE**

**9.2.1 Versamelaars Komitee**

Mnr. Bresler lewer 'n kort verslag. Die volledige verslag is by die kantoor beskikbaar.

**9.2.2 Toegewyde Jagters en Baanoffisiere**

Mnr. Earle lewer 'n kort verslag. Die volledige verslag is by die kantoor beskikbaar.

**9.3 AKKREDITASIE AS JAGTERS VERENIGING**

Die BWAV se akkreditasie as Jagters Vereniging was geslaagd. Die BWAV is dus 'n geakkrediteer as 'n volwaardige Jagters Vereniging. Die Voorsitter bedank die Sekretaris, Mnr. Tok du Preez en die Hoof Administratiewe Beampte, Daleen Rautenbach vir die werk wat hulle gedoen het.

**10. NUWE SAKE**

**10.1 JAARPROGRAM**

Die jaarprogram is reeds gesirkuleer, bring die volgende wysiging aan:

Die Prestige aand en span-skiet van 8 en 9 November 2013, word herskeduleer vir 15 en 16 November 2013. Die Voorsitter verseker die vergadering dat die nuwe bestuur nie weer die datums sal skuif nie. Geskeduleerde skietdae wat gekanselleer word, word afgestel en nie geskuif nie.

**10.2 JAGGELEENTHEDE**

Die BWAV het 'n ooreenkoms met Bunde Game Lodge gesluit Daar is sekere spesies vasgestel wat die lede te Bunde kan gaan jag. Die plaas sal vrystelling kry. Die geleentheid gee ons lede die geleentheid om op 'n goedkoper wyse 'n bok te jag. Akkommodasie moet met Bunde self gereël word. Daar is sekere reëls en regulasie vasgestel, dit is daargestel om dit so georganiseerd moontlik te maak. Daar sal nie oor naweke en op vakansiedae gejag word nie. Die BWAV maak 'n 10% profyt op die wild wat gejag word. Die aansoekvorms is by die kantoor beskikbaar. R50.00 aansoekfooi word gehef en ook R100.00 dag fooi, die pryse van die wild is vasgestelde pryse en word nie per gewig bepaal nie.

**10.3 SPROTJAG KOMPETISIE**

Mnr. Van Staden verduidelik kortliks die kompetisie aan die vergadering. Die kompetisie sal volgens hoeveelheid skote, skootplasing en trofee waarde bepaal word. Aan die einde van die jaar sal 'n trofee aan die wenner oorhandig word. Die voorstel word deur die vergadering aanvaar. Die Bestuur sal dit verder hanteer.

**10.4 GRONDWETWYSIGING OM VOORSIENING TE MAAK OM VIR SPORTSKIET TE AKKREDITEER BY SENTRALE VUURWAPEN REGISTER**

Hier word spesifiek verwys na teikenskiet en die teikens waarvan NSA gebruik maak. Die voorstel word deur die vergadering aanvaar. Die Bestuur sal die akkreditasie verder hanteer.

**10.5 REUK VAN KRUIT**

Mnr. Pretorius het Die Reuk van Kruit reeds in sy verslag genoem. Die boek bevat alle aspekte van die jag. Daar is nog boeke by die kantoor beskikbaar.

**10.6 FONDSINSAMELINGS PROJEKTE VIR 2013**

Mnr. Pretorius stel voor dat die BWAV weer 'n mandjiedans in 2013 aanbied. Mnr. Malan maak 'n beroep op die lede om hulle kant te bring en te help met die projek en dat die Bestuur die leiding moet neem. Die voorstel word so aanvaar.

**10.7 LEDEWERWING**

Die Voorsitter noem dat ledewerwing deurentyd in gedagte gehou moet word.

**10.8 TOEKENNING VAN ERELIDMAATSKAP**

Die Bestuur het dit eens gehad dat erelidmaatskap aan ons President, Mnr. Lou Joubert oorhandig word. Die vergadering keur die besluit goed. Die sertifikaat word aan Mnr. Joubert oorhandig.

### 10.9 OPLEIDING: DOELSTELLINGS EN MISSIE

Die eerste opleiding is gesamentlik deur Mnr. Wessels en Mnr. Du Preez aangebied te Masada skietbaan. Die uitnodiging was skriftelik aan die Gr. 7 leerders van Laerskool Eugene N Marais en Euphorbia CO Skool gerig. Die datum het gebots met 'n kerkkamp te Badseloop en slegs 'n paar kinders het dit bygewoon. Dit was uiters leersaam. Een van die interessantste lesse wat geleer is, was dat veiligheid op die baan self aangebied moet word om nuuskierigheid by die kinders te wek. Positiewe kommentaar is ontvang d.m.v. vraelyste wat uitgegee is.

## 11. VOORSITTER VERSLAG

Mnr. Wessels lewer 'n verkorte weergawe van sy verslag. Die verslag word aanvaar.
Mnr. Van Staden bedank die Voorsitter vir sy harde werk en ywer gedurende die jaar.

## 12. VERKIESING VAN NUWE BESTUUR

Verkiesing vir bestuurslede ten opsigte van ondervermelde vakante poste.
Die volgende persone word as nuwe bestuurslede verkies:

| | |
|---|---|
| **Onder Voorsitter:** | Mnr. Martiens Van Staden |
| **Sekretaris en Tesourier:** | Daleen Rautenbach |
| | Mnr. Botha stel voor dat die portefeulje as Uitvoerende Beampte gewysig word. Die voorstel word aanvaar. |
| **Addisionele Lid 1:** | Jan Bondesio |
| **Addisionele Lid 2:** | Frikkie Van Staden |
| **Addisionele Lid 3:** | Johann Pretorius (Moepel) |
| **Addisionele Lid 4:** | H.P. Erasmus |

## 13. CHASA – VOORTGESETTE LIDMAATSKAP

Mnr. Louw stel voor dat die BWAV 'n bedrag voorstel wat ons bereid is om CHASA te betaal. Die Bestuur moet die voorstel aan CHASA rig. Indien CHASA die voorstel nie aanvaar nie, bedank die BWAV as lid van CHASA. Die brief sal ter insae by die kantoor lê. Die vergadering gee die Bestuur die reg om die saak verder te hanteer.

## 14. BEDANKINGS

Die Voorsitter bedank Mnr. Wells vir die klank, Mnr. En Mev. Malan vir die gebruik van die lokaal en die moeite met die ete.

Vergadering verdaag

Gelees en goedgekeur op hede die ___________ dag van _________________________________ 2013.

VOORSITTER

SEKRETARIS

Die verskeie verslae is nie hierby aangeheg nie, maar is steeds by die kantoor beskikbaar.  Indien u 'n afskrif van een van die verslae benodig, kontak vir Bella gedurende kantoor ure by 014 743 2174.

BWAV Groete

Daleen